REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

**Price 20c Prys**
**Overseas 30c Oorsee**
**POST FREE—POSVRY**

VOL. 119] CAPE TOWN, 7 MAY 1975 KAAPSTAD, 7 MEI 1975 [No. 4700

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 930. 7 May 1975.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 37 of 1975: Water Research Amendment Act, 1975.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 930. 7 Mei 1975.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 37 van 1975: Waternavorsingswysigingswet, 1975.

# ACT

**To amend the Water Research Act, 1971, so as to make further provision in connection with the functions of the Water Research Commission; to authorize the said commission to establish committees and to delegate any of its powers; and to provide for incidental matters.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to 30 April* 1975.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 3 of Act 34 of 1971, as amended by section 2 of Act 16 of 1974.

**1.** (1) Section 3 of the Water Research Act, 1971, is hereby amended—

(*a*) by the substitution for paragraph (i) of subsection (1) of the following paragraph:

"(i) with the approval of the Minister, to purchase, hire or otherwise acquire and to hold such immovable property as the commission may consider necessary for the performance of its functions, and to alienate or let any immovable property held by it;"; and

(*b*) by the addition to that subsection of the following paragraph:

"(*j*) to take such other measures as the commission may consider conducive to the attainment of its objects.".

(2) Subsection (1) (*b*) shall be deemed to have come into operation on 1 April 1974.

Insertion of sections 10A and 10B in Act 34 of 1971.

**2.** The following sections are hereby inserted in the Water Research Act, 1971, after section 10:

"Committees of the commission.

**10A.** The commission may establish committees, consisting of members of the commission, for such purposes as it may deem fit, and may at any time dissolve any committee established by it.

Delegation of powers by commission.

**10B.** The commission may delegate any power conferred upon it by or under this Act to a member of the commission or to an officer in the full-time service of the commission or to a committee established under section 10A, to be exercised by such member or officer or committee subject to such directions or conditions (if any) as the commission may give or determine from time to time.".

Short title.

**3.** This Act shall be called the Water Research Amendment Act, 1975.

# WET

**Tot wysiging van die Waternavorsingswet, 1971, ten einde verdere voorsiening te maak in verband met die werksaamhede van die Waternavorsingskommissie; om genoemde kommissie te magtig om komitees in te stel en om enige van sy bevoegdhede te delegeer; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 30 *April* 1975.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 3 van Wet 34 van 1971, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 16 van 1974.**

**1.** (1) Artikel 3 van die Waternavorsingswet, 1971, word hierby gewysig—

(*a*) deur paragraaf (i) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(i) met die Minister se goedkeuring, die onroerende goed wat die kommissie vir die verrigting van sy werksaamhede nodig ag, aan te koop, te huur of op 'n ander wyse te verkry en te besit, en onroerende goed wat hy besit, te vervreem of te verhuur;"; en

(*b*) deur die volgende paragraaf by daardie subartikel te voeg:

„(*j*) die ander maatreëls te tref wat die kommissie bevorderlik ag vir die bereiking van sy oogmerke.".

(2) Subartikel (1) (*b*) word geag op 1 April 1974 in werking te getree het.

**Invoeging van artikels 10A en 10B in Wet 34 van 1971.**

**2.** Die volgende artikels word hierby in die Waternavorsingswet, 1971, na artikel 10 ingevoeg:

„Komitees van die kommissie.

**10A.** Die kommissie kan vir die doeleindes wat hy goed ag komitees instel wat uit lede van die kommissie bestaan, en kan 'n komitee deur hom ingestel te eniger tyd ontbind.

Delegering van bevoegdhede deur kommissie.

**10B.** Die kommissie kan enige bevoegdheid wat by of kragtens hierdie Wet aan hom verleen word aan 'n lid van die kommissie of aan 'n beampte wat heeltyds in diens van die kommissie is of aan 'n komitee kragtens artikel 10A ingestel, delegeer om deur daardie lid of beampte of komitee uitgeoefen te word onderworpe aan die opdragte of voorwaardes (indien daar is) wat die kommissie van tyd tot tyd gee of bepaal.".

**Kort titel.**

**3.** Hierdie Wet heet die Waternavorsingswysigingswet, 1975.

Printed for the Government Printer, Pretoria, by Cape & Transvaal Printers Ltd., Cape Town—B1134/14 800.
Gedruk vir die Staatsdrukker, Pretoria, deur Kaap & Transvaal Drukkers Bpk., Kaapstad—B1134/14 800.